

**9 SEPTEMBER**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 85  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 85:9**

**God se Woord bring vrede**

Die gesoek na vrede in hierdie wêreld is eindeloos. Oor alle eeue word daarna gesmag en gesoek. Psalm 85 bring vir ons 'n antwoord op hierdie soeke na vrede: God se Woord bring vrede. Sy Woord bring vrede vir sy volk – as hulle maar net wil luister. Vir die wat nie luister nie, word sy stem onvrede. Dit het sleg gegaan met die volk Israel, totdat God hulle uit die ballingskap gered het, verlos het. Hy het dit soveel beter met hulle laat gaan en vir hulle 'n nuwe toekoms gegee. Hy het hulle hulle sondes nie toegereken nie. Sy woede het bedaar. Hy was werklik goed vir hulle. Die pleidooi van die digter is nou dat hulle tog net nie weer moet afwyk nie. Hy verlang so na die vrede wat God gee. Dit is net moontlik as hulle wil luister na sy Woord.

In Christus het die gelowiges besondere vrede ontvang. God het ook ons omstandighede kom verander. Ons situasie was ook maar hopeloos, net soos dié van die volk in hulle tyd van ballingskap. Daar was geen uitkoms nie totdat God dit verander het in Christus. Wat die digter nog so mooi hier vra, het vir ons 'n werklikheid geword. As ons ook nou maar net wil luister na die Woord wat vrede bring. Vers 9 herinner so baie aan die lofsang van die engele by Jesus se geboorte. Mag daardie vrede ook u vrede wees en mag dit vir u 'n lewenswaarheid wees: Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy Woord bring vrede vir sy volk!

*Sing: Psalm 89:6*

*Ds Hannes Noëth (Naboomspruit)*